NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

17 Augustus 2021

VAN: Die Hoof
Sentrum vir Gemeentelike Bediening

AAN: Predikante
Kerkrade
Ringskommissies

Geagte broers en susters

KURSUS IN DIE (BE)STUUR VAN VERANDERING
REEKS 2 VAN 2021

Die eerste reeks van die kursus in die (be)stuur van verandering wat ten einde geloop het op 10 Augustus 2021, is goed ontvang. Van die predikante wat dié reeks deurloop het, het gemeld dat hulle dit uiters positief en sinvol beleef het. Intussen gebeur verandering oral en met elkeen van ons!

Die Sentrum vir Gemeentelike Bediening het in die lig van bogenoemde geoordeel om 'n tweede gratis reeks in 2021 aan te bied.

Die inhoud van die reeks sal weer deur myself, Elna en Daniel Esterhuizen gefasiliteer word, en sluit onder andere die volgende temas in:

Gesprek oor brandpunte: Waar gebeur verandering?

Die proses van verandering: Hoe werk verandering en wat gebeur in die oomblik wanneer die interne en/of eksterne veranderlikes op die lewe van die predikant, lidmaat en gemeente inspeel?

Die impak van verandering op die totale menswees van die lidmaat en predikant.

Weerstand teen verandering: Hoe handel ons daarmee?

Die verlamming wat verandering dikwels tot gevolg het: Kom ons praat oor die sogenaamde blinde kolle.

Gesonde beginsels ten opsigte van verandering en die bestuur daarvan.

Hoe kan die U-teorie ons help om op ‘n dieper vlak te skuif en met uitdagings te handel?

Dié aanlyn Zoom-kursus vind in drie sessies tussen 09:00 en 13:45 plaas:

Sessie 1: 30 Augustus 2021
Sessie 2: 13 September 2021
Sessie 3: 27 September 2021

Predikante kan 15 VBO-punte verdien.

Nakomingsbeampte: Dr FJ Labuschagne, 082 873 6557, frikkie@nhk.co.za

Indien u hierdie reeks wil bywoon, stuur asseblief u naam en e-posadres voor ***23 Augustus 2021*** na karen@nhk.co.za, sodat ons die Zoomskakel vir u kan deurgee.

U word seën en sterkte met u werksaamhede toegebid.

Met agting
Die uwe

Dr FJ Labuschagne
Hoof: Sentrum vir Gemeentelike Bediening

012 322 8885 x3101
frikkie@nhk.co.za